LES 14: GETROUHEID

Bybel Storie gedeelte: Daniel en sy vriende Daniel 3:1-30 , 6:1-29

Ons Boodskap vir vandag:
Ons liggies moet ook so skyn dat ons 'n voorbeeld vir die wêreld kan wees, en ander mense op ons staat kan maak. Die enigste klag teen Daniel en sy vriende, was dat hulle getrou die Here gedien het, en opgestaan het vir wat hulle glo, ten spyte van die groepsdruk. Wat 'n getuigskrif!

Ons skriffie vir die dag:
Vrees net die HERE en dien Hom getrou met julle hele hart; want kyk watter groot dinge Hy by julle gedoen het. 1 Sam 12:24

Bykomende agtergrond skriffies:

Dan 6: Toe het die ministers en die landvoogde gesoek om 'n grond vir 'n aanklag teen Daniël te vind met betrekking tot die regering, maar hulle kon geen enkele grond vir 'n aanklag of verkeerde handeling vind nie, omdat hy getrou was en geen nalatigheid of verkeerde handeling by hom te vinde was nie. Daarop het dié manne gesê: Ons sal teen hierdie Daniël geen enkele grond vir 'n aanklag vind nie, tensy ons dit teen hom vind in sy godsdiens.

Openb 2:10 Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duiwel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee. Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie.

Heb 3:5 Moses was as dienaar getrou in die hele huis van God en moes getuig van die dinge wat God nog sou sê.

Gebed:
Liewe Jesus,
Help my asseblief dat my liggie sal skyn in hierdie donker wêreld.
Help my dat ek getrou sal wees,
nie sal ingee onder groepsdruk,
en nie skaam wees om 'n getuienis te wees vir U naam nie.
Amen

Aktiviteit:

Items benodig: Jou werksboek, skêr, gom, inkleurpotlode, geel / bruin karton, toutjie, bottelwassers.

Taak: Hierdie week se vrug is 'n appel! Sny die appel uit op die lyntjies, kleur dit in, en plak dit in die boom. Skryf ook jou versie in die boek, en memoriseer dit vir volgende week.

Hulpmiddels: Maak 'n Leeu Masker. Nie net was Daniel nie bang vir die leeus nie, maar hy het ook leeuemoed gehad!



Neem 2 stukke A4 karton, geel en bruin, en sny die vorms soos bo uit vir die gesig en maanhare van die leeu.

Plak die 2 stukke karton dan Opmekaar. Tekene die leeu se gesig in, en sny gate uit waar die oë moet wees, sodat jy daardeur kan sien wanneer jy die masker dra!

Laastens, plak swart snorbaar-
de vir die leeu op met pyp-skoonmakers. Maak 2 gaatjies weerskante van sy gesig, en maak 2 toutjies of 'n rek daaraan vas, wat jy agter jou kop kan vasmaak, sodat jy die masker kan dra!

Hierdie material behoort aan www.whatafriend.co.za. Dit mag gebruik word vir nie-kommersiele doeleindes, indien jy die kopiereg, en ons kontak informasie insluit. Alle ander gebruike het skriftelike toestemming van ons nodig. Dit is onwettig om dit te verkoop.

LES 15: GETROUHEID

Bybel Storie gedeelte: Mattheus 25:14-40 - Tien Talente

Ons Boodskap vir vandag:
Ons moet verantwoordelik wees, en ons eie goed en ander mense se goed oppas. Ook die aarde. Ons moet ook nie die talente wat die Here ons gee verwaarloos nie. Hoe meer dinge ons beoefen (sport, musiek, kuns, akademie) hoe meer talente sal ons ontdek. Ons moet egter nie 'n slaaf van 'n afgod word nie, maar balans handhaaf.

Ons skriffie vir die dag:
Hy wat getrou is in die minste, is ook in die grote getrou; en hy wat onregverdig is in die minste, is ook in die grote onregverdig. Lukas 16:10

Bykomende agtergrond skriffies:

As julle dan nie getrou was in die onregverdige Mammon nie, wie sal julle die ware goed toevertrou? En as julle nie getrou was in 'n ander se goed nie, wie sal aan julle jul eie gee? Luk 16:11

As jy getrou na die stem van die HERE jou God luister en doen wat reg is in sy oë, en luister na sy gebooie en al sy insettinge hou, dan sal Ek geeneen van die siektes op jou lê wat Ek op Egipteland gelê het nie; want Ek is die HERE wat jou gesond maak. Exo 15:26

Deu 7: "Weet dan nou: die Here jou God, Hy is God. Hy is die betroubare God wat sy verbond in stand hou en sy troue liefde betoon tot aan die duisendste geslag van hulle wat Hom liefhet en sy gebooie gehoorsaam,

Rev 17: Hulle sal teen die Lam oorlog voer, maar die Lam en saam met Hom dié wat geroep en uitverkies en getrou is, sal hulle oorwin, omdat Hy die Here van die heersers en die Koning van die konings is."

Heb 10:23 Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het.

Gebed:
Liewe Jesus,
Help my om altyd my gawes te ontwikkel,
en tot U eer te gebruik,
sodat ek 'n seën vir die mense om my kan wees.
Amen

Aktiviteit:

Items benodig: Jou werksboek, skêr, gom, inkleurpotlode, kleideeg, roller, A4 grootte stukkie materiaal, lint, naald & gare, kraletjies, sade, tandestokkie, goue / silwer plakaatverf, kwassie

Taak: Skryf jou versie in die boek, en memoriseer dit vir volgende week.

Hulpmiddels: Wat dink jy is jou talent? Hoeveel talente is daar? Noem 'n paar op.

Vandag maak ons ons eie 10 talente(geldstukke) in 'n sakkie!





Vat speelklei. En tol dit uit (dit moet omtrent 5mm dik wees as jy dit klaar gerol het) Gebruk 'n koekiedrukker, of melkbottelporp om 10 stukkies geld te maak. Vat tandestokkies om patroontjies daarop te teken, of druk saadjies daarop om 'n tekstuur te gee. Los dit dan om goed droog te word. Wanneer die muntsukke droog is, verf hulle siwerof goud met plakaatverf. Sodra die een kant droog is, draai om en doen die ander kant.



Om die sakkie te maak waarin die geldstukke kom, vat 'n reghoekige stuk materiaal, en vou dubbel. Werk die 2 sykante toe. Dop dit om, sodat jy nie die steke kan sien nie. Versier nou die sakkie met krale, en vat 'n toutjie om dit bo toe te bind, sodra jy die geldstukke daarin gegooi het.

Hierdie material behoort aan www.whatafriend.co.za. Dit mag gebruik word vir nie-kommersiele doeleindes, indien jy die kopiereg, en ons kontak informasie insluit. Alle ander gebruike het skriftelike toestemming van ons nodig. Dit is onwettig om dit te verkoop.

LES 16: SAGMOEDIGHEID

Bybel Storie gedeelte: Moses Exodus 3:1-12

Ons Boodskap vir vandag:
Moses baie gekritiseer is, onder groot druk was en ook maar soms moedeloos geword het, was hy nogtans sagmoedig. Ons moet selfs onder moeilike omstandighede nog steeds die vrug van die gees openbaar. Dit sal baie onnodige getwis vermy. Draai altyd die ander wang.

Ons Boodskap vir vandag:
Die Bybel en die geskiedenis wys ons dat hierdie man ongelooflike eer saam met ongelooflike nederigheid ontvang het. Moses het 'n koninklike opvoeding geniet. Hy het in Egipte 'n belangrike persoon geword. Toe moes hy vlug. In plaas daarvan om magtige leërs te lei, is hy verminder tot oppasser van weerlose skape. God het omstandighede – die gevolg van Moses se keuses – gebruik om hom nederig te maak en hom in daardie 40 jaar waardevolle lesse te leer. He het geleer om sagmoedig en sterk te wees. Om in homself te glo, het net moeite en verdriet veroorsaak. Moses het geleer dat ware grootsheid slegs van God af kom. Moses se nederigheid was duidelik by die brandende bos. Hy het gesê dat hy nie 'n belangrike man was nie, nie in die verlede en nie nou nie (Exodus 4:10). Selfs vir al die groot wonderwerke wat deur hom geskied het en al die aandag wat hy geniet het, het Moses nog die eer aan God gegee. Moses was nooit te besig om aan ander mense se probleme aandag te gee nie.

Omdat Moses sagmoedig was, kon God hom op magtige maniere gebruik. God het Moses gebruik om sowat 2 miljoen mense uit gevangenisskap na die Beloofde Land te lei. En God het selfs soos 'n vriend van aangesig tot aangesig met Moses gepraat. Wat 'n eer! Ons weet dat sagmoedigheid en 'n diep respek vir God grootliks die rede was waarom God hom so vereer het. Soos Moses, het God ons geroep en het vir ons 'n plan. Alhoewel Alhoewel Moses baie gekritiseer is, onder groot druk was en ook maar soms moedeloos geword het, was hy nogtans sagmoedig. Ons moet selfs onder moeilike omstandighede nog steeds die vrug van die gees openbaar. Dit sal baie onnodige getwis vermy. Draai altyd die ander wang.

Ons skriffie vir die dag: *Maar die man Moses was baie sagmoedig (nederig), meer as al die mense op die aardbodem. Num 12:3*

Bykomende agtergrond skriffies:
1 Kor 10:24 'n Mens moet nie sy eie voordeel soek nie, maar dié van ander.
Fil 2:4 Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.
Ef 5:21 Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.
1 Petr 5 : 5 - 6 En julle wat jonger is, moet aan die ouer mense onderdanig wees. Almal moet trouens teenoor mekaar nederig wees en mekaar help, want God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade. 6 Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het.

Gebed:
Liewe Jesus,
Help my om altyd nederig te bly, voor ander en voor U.
Laat ek altyd almal ewe goed te behandel.
Amen



Aktiviteit:
Items benodig: Jou werksboek, skêr, gom, inkleurpotlode.

Taak: Dis tyd om die volgende vrug in die boom te sit!
Sny die pynappel uit op die lyntjies, kleur dit in, en plak dit in die boom. Skryf ook jou versie in die boek, en memoriseer dit vir volgende week.

Hulpmiddels: Moses se lewensreis:

Volg Moses se lewe deur van nr. 1-13 deur die gegewe skriffies te lees. Speel met 'n knoop, of klippie. Sodra jy die skriffie opgelees het, skuif aan na die volgende nommer, en lees die volgende skriffie!

1.Ex 3:1 (Moses in die wiegie), 2. Ex 2:10 (Farao se dogter), 3. Ex 3:1 (Moses se opleiding as Prins)



4. Ex 2:11-15 (Moses maak Egiptenaar dood, vlug), 5. Ex 2:17 (Moses help vrouens by die put), 6. Ex 2:21 (Moses trou met Sippora), 7. Ex 3:3-4 (Brandende Braambos), 8. Ex 4:18-21, (Moses gaan terug na Egipte), 9. Ex 5:1 & 24 (10 Plae), 10. Ex 14:21-27 (Die volk trek deur die see), 11. Ex 13:21 (wolk & vuur kolom) 12. Ex 16:13 (Manna & Kwartels), 13. Ex 20 (10 Gebooie)

Hierdie material behoort aan www.whatafriend.co.za. Dit mag gebruik word vir nie-kommersiele doeleindes, indien jy die kopiereg, en ons kontak informasie insluit. Alle ander gebruike het skriftelike toestemming van ons nodig. Dit is onwettig om dit te verkoop.